**Saterdag 18 Julie**
**Skrifgedeelte: 1 Samuel 1:1-23**
**Fokusgedeelte: 1 Samuel 1:7, 8**
**Wanneer jou geliefde man nie kan troos nie**

As ’n mens baie ontsteld is, wil jy nie eet nie. Soms kan ’n vrou ontroosbaar bly. Mense se trooswoorde het sy beperkings. Al het jou man jou baie lief, is hy ook soms magteloos om jou te troos. Dalk is jou man al oorlede. Elkana sou hierdie huweliksopdrag van die HERE om sy vrou te troos, beter kon uitvoer as Hy met die HERE oor haar gepraat het. Isak het dit darem gedoen toe Rebekka ook nie kon kinders hê nie (Gen. 25:21).

Elkana moes jaar vir jaar magteloos toekyk en ervaar hoe sy vrou, Hanna, by die kerk (offermaaltyd) ongelukkig bly (vs 3). Haar kinderloosheid is by die kerk (van alle plekke!) op liefdelose wyse elke jaar onder haar neus gevryf deur haar mededingster (AFR53), Pennina (vs 6; vgl. Gen. 29:30). Maar dit was die troue HERE wat Hanna se moederskoot toegesluit het.

Elkana vra sy vrou Hanna of hy dan nie meer werd is vir haar as tien seuns nie? Dit is oordrywing (vs 8). Maar dit help nie om Hanna te troos nie. Hanna is bitter hartseer en huil onbedaarlik. Sy bid lank en net haar lippe beweeg. Sy maak ’n gelofte aan die HERE.

Wat mens nou opval, is: Nadat Hanna gebid het en sy die Woord van die HERE deur die hoëpriester van God, Eli, gehoor het, kon dit op haar gesig gesien word dat haar hart nie meer bitter is nie. Hanna is getroos deur die HERE, die Almagtige (1:11) wat mag het oor lewe en dood.

Geliefde broeder, soms kan net die HERE jou geliefde vrou troos. Geliefde suster, jou man kan ook magteloos wees om enigiets aan jou groot smart en leed te doen. Praat jy ook self met die HERE. Aan jou bedruktheid sal Hy ’n einde bring. Die lewe wat die HERE in Hanna (se moederskoot) gewek het, wys heen na ons HERE se lewewekkende heerskappy wat lewe uit die dood gebied. Jesus is ons gesalfde Koning wat die hopeloosheid van die lewe en die dood oopsluit na hoop en die ewige lewe.

*Sing: Psalm 62-1:5; Psalm 33-1:5*

*Ds. JH (Hans) Grobler (Emeritus)*